Cannot view the email properly? View it online

VrydagNuus

7 Maart 2025

Op die Jesus-pad met jou kruis

Ons is sedert Februarie besig met ‘n groter reeks, getiteld “Op die Jesus-pad” en ons fokus op twee gewoontes wat ons raaksien in Jesus se lewe op aarde, naamlik Sabbat en vas. Hierdie week het ons ook As-Woensdag gevier - die begin van Lydenstyd. Sabbat, vas en Lydenstyd het een goue draad wat deur alles loop: om te stop, te verminder, te vereenvoudig om daardeur meer ruimte te skep vir Jesus se werk in my lewe.

Die vas-tema is verweef met Lydenstyd. Toe ek groot geword het, het ons net die groot dae van die Kerkjaar-feeste gevier, soos Kersfees en dan eers weer met Goeie Vrydag en Paas-Sondag. Ek kan nie onthou dat daar verskillende seisoene in die kerkjaar was nie. Dis eers na skool wat ek ontdek het dat daar ‘n seisoen in die kerkjaar is wat ons Advent noem: die vier weke voor Kersfees; dat Kersfees twaalf dae lank is; dat die nuwe

kalenderjaar saam met Epifanie – bewuswording – loop en dat die 40 dae periode voor Goeie Vrydag Lydenstyd genoem word, met As-Woensdag as die begin daarvan.

Ek het ook eers later geleer dat hierdie ritme gebaseer is op die storielyn van die Evangelies. Ek loop hierdie jaar in my stiltetyd met die Evangelie van Lukas en die ritme van rofweg 'n hoofstuk per week (volgens die Narratiewe Leesrooster), sou jou hierdie week in Lukas 9 bring. Dis 'n reeks episodes waar Jesus se pad letterlik draai na Jerusalem en hy sy dissipels waarsku dat hy gaan ly en sterf onder die leiers aan bewind (Luk. 9:22-23; 44). Tussen die episodes in die hoofstuk het Jesus ook "paaseiers" weggesteek – uitnodigings vir sy volgelinge om hom letterlik en figuurlik op hierdie pad te volg. Om letterlik agter hom aan te kom en sy voorbeeld te volg; Om figuurlik kruis op te neem, lewe weg te gee en oor te gee aan die manier van Jesus.

Hy (het) vir almal gesê: "As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën, en elke dag sy kruis opneem en My volg; want wie sy lewe wil red, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit red. - Lukas 9:23-24 (2020 Vertaling)

Lydenstyd is 'n tyd om hieraan doelbewuste aandag te gee en die gereedskap is die gewoonte van vas. Vas help ons om te oefen om "nee" te sê vir ons begeertes en "ja" te sê vir Jesus en die wil van God. Vas, met minder en eenvoudiger kos, skep meer ruimte sodat God vir ons kan wys waar ons self ons eie lewe probeer red en hoe dit ons eintlik ons lewe kos (sien die woordspeling.)

Praktiese riglyne om in Lydenstyd te vas:

- Dit is nie raadsaam vir alle mense om te vas nie, veral kinders (onder 18), mense met 'n gediagnoseerde geestesgesondheidstoestand en/of onder mediese behandeling, asook swanger vroue en vroue wat borsvoed. Heroorweeg ook om te vas as jy uitdagings met *disordered eating* het. (Lees gerus hierdie getuienis.)
- Woensdag en Vrydag is die tradisionele vas-dae wat uit die Joodse tradisie en vroeë kerk kom, hoewel sommige gelowiges vir die volle duur van Lydenstyd vas (gedeeltelike vas).
- Vir 'n gedeeltelike vas is 'n goeie riglyn om een volle maaltyd en twee kleiner maaltye te eet wat saam nie gelyk is aan 'n enkele normale maaltyd nie en daarmee saam vleis op vasdae uit te sny. Iets soos bruinrys of couscous met bone of vis word as riglyn gegee.
- Sommige tradisies het byna 'n *intermittent fasting* riglyn vir vasdae, wat basies ontbyt voor sonop, geen kos deur die dag en dan weer ete na sononder gee.
- Jy gaan iewers honger voel en dit is dan die oproep tot gebed. Gebruik die volgende gebed as riglyn om dan met oorgawe voor God te staan:

Heilige Jesus,

Toe U honger was het u gesê:

“'n Mens leef nie net van brood nie…

maar van elke woord wat uit die mond van God kom.” (Matt. 4:4)

My honger herinner my daaraan dat niks anders nog ooit gewerk het om my vry te maak van dinge wat my uitdaag en seermaak en bedreig nie.

Ek het meer van U nodig en minder van die goed wat my honger laat.

Neem al hierdie swaar afgode wat ek neerlê en leer my om myself te gee vir U vorming- en suiweringswerk.

Neem my lewe soos ek my kruis opneem en U volg.

Vul my met Uself – die Brood van die Lewe.

Amen.

Mag Lydenstyd en vas ‘n seisoen wees waar jy leer om nader aan Jesus op die Jesus-pad te loop.

Groete

Christi

*NS: Ons sien jou by die **Maastricht Kuierfees** die naweek. Die **eredienste by die kerk** gaan normaalweg voort en daar is 'n **plaasdiens** om 09:00 by die feesterrein. Al die details is onder in die nuusbrief.*

9 Maart

Deuroffers: Kenridge Boufonds
"Op die Jesuspad: Vas"

Plaasdiens | Maastricht @ 09:00
Christi Thirion
Erediens | Kerk @ 09:00
Jurie Gouws
Erediens | Kerk @ 10:30
Jurie Gouws
Tienerkerk | Saal @ 18:00
Lionel Hutton
Erediens | Kerk @ 18:30
Christi Thirion

Jeugbediening

Kinders woon die plaasdiens by

Tieners: 18:00
Gr 8-12: Grootsaal

Tienerdiens om 18h30

Nooi jou maats saam!

Aanlyn erediens - Kenridge Gemeente YouTube **- kliek hier.**

Vrywilligers

Kom maak asb ons hande sterk en raak betrokke as vrywilliger:

Jeugbediening
Ons benodig groepleiers by die tieners (Gr 8-12) asook die jongtieners (Gr 6-7). Kontak Susan of Lionel

Alta du Toit
Kom kuier saam op Dinsdagaande om 18h00 as ons uitreik na Alta du Toit nasorg.

Maastricht Kuierfees

Ons sien jou die naweek by die Maastricht Kuierfees!

7 Maart: Skemerkonsert met **Jo Black** is **UITVERKOOP**. Vir diegene wat kaartjies het, die hekke maak 17:00 oop en verversings sal te koop wees.

8 Maart: **Drafstap** inskrywings vanaf 07:00 by die feesterrein. **Kuierfees** begin amptelik @ 08:00

9 Maart: **Plaasdiens** @ 09:00.

TAU Safari kaartjies vir 'n wildtuin vakansie sal nog Saterdag by die fees te koop wees. Jy kan ook Tau Safaris direk kontak.



Bediening na Buite behoeftes

Karl Bremer Hospitaal benodig geskikte leesboeke vir kinders en volwassenes in enige landstaal.

MES Durbanville benodig skoonmaakmiddels, toiletware, droë kruideniersware en noodhulp voorraad (pleisters, salf ens).

Lewer enige skenkings by die kerkkantoor af.

Bouprojek

Ons het groot planne om die kerkkompleks te omskep in 'n verwelkomende kuier-ruimte. Kyk hier na die video om te sien waaroor ons alles droom.

Oorweeg asb 'n bydrae tot die Kenridge Boufonds om hierdie droom te bewaarheid. Merk asb enige EFT, Snapscan of kontantbydrae duidelik "**Boufonds**".

Hierdie Sondag se **deurkollekte** by die kerk gaan vir die **Kenridge Boufonds.**

Gebedsbediening

Gebedsfokus

Die volledige gebedsfokus is op die webtuiste beskikbaar.

Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur ’n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

Bid saam met die gebedspan

Sluit aan by die gebedspan in die gebedskamer na afloop van die 09h00 diens.

Kerkkantoor:

Ma - Do 09:00 - 16:00

Vry 09:00 - 13:00
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

Bankbesonderhede:

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655

Snap here to pay

SnapScan